

Die Aankondiger

19 Julie 2020



Prediker: Ds. Gideon Du Toit

“Nee” is ’n sin

deur Stephan Joubert

‘No’ is a complete sentence,” skryf iemand. Wel, dit is ... net soos die woord “ja.” Maar ons sê baie gouer “ja” as “nee”. Dit is hoekom dinge soms skeefloop. Ons wil nie mense se gevoelens seermaak nie, daarom sê ons maar “ja” as hulle verkeerde of oorhaastige besluite neem. Ons laat kinders te veel vryhede en dinge toe want as ons “nee” sê, dan hou hulle dalk nie meer so baie van ons nie. “Nee” is egter ’n noodsaaklike woord in ons woordeskat. Die Here gebruik dit wanneer dit die slag nodig is; ons moet ook. Hy sê “nee”, want Hy weet wat die beste is vir ons. Hy weet dat ’n oorhaastige “ja” ons lewe kan laat ontspoor. Daarom is daar baie kere ’n “nee” in die Bybel. Of ’n “moenie.” Dit beteken nie God het ons nie lief nie. Dis juis die teendeel. Presies omdat Hy ons liefhet, keer Hy dat ons verdwaal en afdwaal. Kom ons leer hierdie woord, hierdie volledige sin, ook weer aan. Ons moet dit egter spaarsamig gebruik. Ons moet dit gebruik om ander mense, en onself, op die Here se roete te hou.

WEGNEEMETE - SONDAG 19 JULIE

Die Uitreikekomitee m.b.v Fred & Anita Scheepers en Corrie & Annatjie Roets

lewer **wegneemetes** wat u **vandag** by die kerk kan kom afhaal tussen **10:00 en 12:00**.

U kan deurry by die een hek in en iemand sal u bestelling kom neem en dan uitry by die ander hek as u die kos ontvang het. Bly sover moontlik in u motor sodat grendelstaatreëls nie verbreek word nie. Onthou om u masker aan te hê!!

Lief en Leed

- **Adél Klerck** is nog in die hospitaal na haar operasie Donderdag en is van ICU geskuif na 'n gewone saal. Dokter is baie tevrede en daar is 'n goeie kans dat sy volgende week by die huis gaan wees om verder daar aan te sterk.
- **Magda Baard** se broer en skoonsuster het albei die Corona virus opgedoen. Haar skoonsuster se lewe het aan 'n draadjie gehang tot Vrydagaand en van toe af gaan dit beter. Hulle sê dankie vir almal se gebede en glo dat dit die Here se genade is wat hul hierdeur gehelp het.
- **Dup Du Plessis van Protea** het sy arm gebreek, Ina versorg hom maar kan dit nie alleen behartig nie. Bid asb dat hulle 'n goeie versorgingseenheid sal vind.
- By Rusoord gaan dit nie baie goed nie. Die virus het met alle mag en mening toegeslaan en daar is 4 persone oorlede.
- **Barry Schutte, Kobus Smith en tannie Gooding** van Rusoord het agv Covid 19 gesterf. Die begrafnis van tannie **Gooding** is waarskynlik Donderdag uit die kerk.
- Daar is 'n hele paar wat die virus onder lede het en ons bid dat hulle heeltemal sal herstel. Ons bid vir **Corrie Theron, Ruth Van der Walt, Martie Smit, Elsa Jacobs, Union Visagie**.
- **Johny Els** het ingegaan vir 'n heupvervanging en het toe hartprobleme ontwikkel maar kom gelukkig Maandag uit nadat dokters vasgestel het dat sy nie 'n stent benodig nie.
- Bid asb vir **Rita Schoeman** wat bronchitis het en fisioterapie moet ontvang.
- **Rina van der Westhuizen (Rusoord)** sukkel met haar longe en met naarheid en kry fisio. Bid asb vir haar.
- **Babs Momberg** het gesterf, die grafdiens is Dinsdag.
- **Elsa Joubert** het Covid 19 opgedoen. Ons bid vir haar.
- Bid asb vir Al die inwoners en personeel van Rusoord onder leiding van **Ida Du Plessis** wat hard moet veg om die behoud van ons mense, bid vir wysheid, krag en ook vrede vir almal!
- **Neels en Shannon** wat positief getoets vir Covid 19 is op die herstelpad en dit gaan goed met hul albei.
- Ons bid vir **Chris Schwartz** wat sukkel met 'n galblaas wat nie nou verwyder kan word nie as gevolg van ander mediese faktore.

VERJAARSDAE : 19 - 25 Julie



Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Hayes	Elise	07/19	012 6640969	0825880204
Labuschagne	Pierrie	07/19		0845878025
Rall	Gert	07/19		0828733969
Erasmus	Marcelle	07/20	012 664 4660	
Mostert	Wynand	07/20		
Nel	Ria	07/20	012 664 4141	027825578031
Botha	Jayden	07/21	012 6642199	
Kitching	Scheepers	07/21	012 664 3712	
Van Huysteen	Brendon	07/22		0609762591
Du Toit	Pierre	07/24		0827812399
Kriek	Corne	07/24		0711193748
Liebenberg	Bessie	07/24		0795234663

Die Hemelse Bevryder

Ons bevind ons dikwels tussen twee tiranne – (i) Skuldgevoelens oor die verlede en (ii) Vrees vir die toekoms. Dié twee diewe wat ons vrede wil steel, is ewe wreed en as ons aan een of albei toegee, lê dit ons lam. Hulle treiter ons deur

Ons aan die mislukkings en foute en pyn van die verlede, en die ou koeie in die sloot te herinner, of

Ons bang te maak vir die toekoms met al die "sê-nou-maars", deur dinge soos die klimende ouderdom, krimpemde beleggings, kriminele bedrywighede, politieke onstabiliteit, die agteruitgang van die ekologie, en pessiektes, te beklemtoon.

Dit lei gewoonlik tot negatiewe gedagtes soos minderwaardigheid, neerslagtigheid, skuldgevoelens, uitsigloosheid, vrees en depressie, onvergewingsgesindheid. Om dit self te probeer hanteer, werk nie, en die gebruik van krukke soos slaappille, alkohol of dwelms, vererger net alles. Dié twee tiranne laat ons so onbekwaam voel, en hulle laat ons nie sommer maklik uit hulle greep los kom nie.

Die Woord vertel van Iemand wat 'n beproefde *Bevryder* is. Hy het lank gelede reeds dié en ander tiranne deur sy kruisdood verslaan, daarom kan Hy ons *bevry* van

Die spoke van die verlede: "As ons ons sondes bely . . . Hy vergewe en reining ons" (1Joh 1:9); "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons" (Ps 103:12); "Hy reinig ons van 'n skuldige gewete" (Heb 10:22); "Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor 5:17); "daar is geen veroordeling nie" (Rom 8:1).

Die spoke van die toekoms: "Moenie bang wees nie. Ek verlos jou. Ek het jou by jou naam geroep, jy is myne; . . . ek is by jou" (Jes 43:1,2); "Ek sal jou nooit verlaat of in die steek laat nie." (Heb 13:5).

Slotson: Ons hoef nie toe te gee aan een van die twee diewe wat ons vrede wil steel nie. Ons Vader is in beheer!

Wat moet ek nog weet?

"God het ons - my - innig lief" (Ef 2:5);

"As die Seun julle vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" Joh 8:36)

Kom ons hardloop na Jesus toe, elke keer as die tiranne toeslaan.